AFRIKAANS

Die Publiek se Gids

# #BEGROTING2021

www.treasury.gov.za | RSA Budget | #RSABudget2021 'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

UITGEREIK DEUR

national treasury
Department: National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: (012) 315 5757
www.treasury.gov.za

INFO

## WAT IS DIE BEGROTING?

Die Minister van Finansies kondig jaarliks, gedurende Februarie, die regering se bestedings-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

## HOE DIE BEGROTING OPGESTEL WORD?

1. Departementele riglyne wat aandui watter begrotingsinligting vereis word, word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-Generaal oorweeg voorstelle vir toekenning van fondse
5. Hulle maak aanbevelings aan die Ministersbegrotingskomitee
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debateer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



# SKAKEL WEER DIE MASJINERIE VAN GROEI AAN

**Die 2021 Begroting verseker dat Suid-Afrika die kortstondige ekonomiese uitdagings kan hanteer, insluitend die impak van COVID-19, terwyl dit die langdurige strukturele uitdagings wat die land in die gesig staar, aanspreek.**

Op die korttermyn is die regering daartoe verbind om die COVID-entstof gratis beskikbaar te stel, na gelang van die behoefte en die gefaseerde implementeringskedule van die Departement van Gesondheid. In 2020/21 het die regering op die pandemie gereageer deur ongeveer R20 miljard addisioneel aan die gesondheidsektor toe te ken om die voorkomings-, siftings- en toetsvermoë te verbeter. 'n Verdere R9 miljard word voorsien vir die entstof oor die volgende 2 jaar, met nog R7 miljard wat as noodreserwe opsygesit word om die befondsingsdruk te verlig. 'n Suksesvolle inentingsveldtog sal baie lewens red en 'n merkbare ekonomiese herstel moontlik maak.

Terwyl die reële BBP na raming in 2020 met 7,2 persent gekrimp het, sal dit na verwagting in 2021 met 3,3 persent groei, voordat dit in 2023 tot 1,6 persent sal afplat. Die verswakte fiskale posisie, wat voor die huidige krisis reeds bestaan het, het verder agteruitgegaan en dringende stappe word benodig om hoë en onbeheerbare skuldvlakke te vermy.

Die regering se gebalanseerde en omsigtige fiskale strategie ondersteun openbare gesondheid en groei, en is ontwerp om die staatsfinansies te stabiliseer. Kapitaalbesteding is die komponent wat die vinnigste groei in nie-rentedraende besteding. Die tekort van die hoofbegroting verminder van 7,5 persent van die BBP in 2020/21 tot 0,8 persent van die BBP in 2023/24, en die bruto staatskuld stabiliseer rondom 88,9 persent van die BBP in 2025/26. Terselfdertyd verminder die 2021-Begroting die belastinglas en trek voorheen aangekondigde belastingverhogings van R40 miljard terug.

Die fiskale beleid moet steeds fokus op die stabilisering van die fiskus oor die langer termyn, om sodoende by te dra tot ekonomiese stabiliteit en volhoubare groei.

Suid-Afrika se fiskale uitdaging is om die onmiddellike behoefte aan ekonomiese steun tydens die pandemie te balanseer met voortdurende pogings om 'n bestaande en onvolhoubare begrotingstekort te verlaag.

Die fiskale beleid van die regering is om hierdie twee oorwegings te balanseer. Befondsing vir die ontplooiing van entstowwe sal 'n deurslaggewende rol speel in die bestryding van die pandemie, terwyl dit groter ekonomiese aktiwiteit ondersteun. Die maatskaplike verligting, wat geïnisieer is om korttermyn ondersteuning in 2020 aan lae-inkomste huishoudings te bied, sal uitgebrei word tot April in 2021. Die fiskale beleid moet steeds fokus op die stabilisering van die fiskus oor die langer termyn, om sodoende by te dra tot ekonomiese stabiliteit en volhoubare groei.




# BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

**Dit is amper 'n jaar sedert Suid-Afrika sy eerste COVID-19 geval aangeteken het. Die pandemie het skokgolwe dwarsdeur die wêreld gestuur. Menigte mense het hul lewens verloor, ander hul werk. Hierdie onsekere tye het vereis dat ons afwyk van ons gewone manier van dinge doen en aanpas om seker te maak dat die ratte bly draai.**

'n Opdraande stryd het vir die regering voorgelê om die verspreiding van die virus te beveg. Sake kon nie soos oudergewoonte voortgaan nie. Verby was die tyd van besigheid doen soos gewoonlik. Die land het 'n tydperk van inkorting binnegegaan, en die tweede golf van die virus het selfs meer swaarkry meegebring. Begrotingsprioriteite moes aangepas word om die negatiewe ekonomiese impak van die virus teë te werk. Ten spyte van die onsekerhede, het die virus ons nie ontspoor van ons doelwit om sterker ekonomiese groei en indiensnemingsvlakke teweeg te bring nie. Met die toename in ekonomiese aktiwiteit tans, het ons groei-vooruitsigte verbeter. Ons strategie in die 2021 Begroting is om oor die korttermyn voortgesette steun aan die ekonomie en gesondheidsdienste te verleen, sonder om verdere druk op langtermyn besteding te plaas. Ons beoog om die samestelling van uitgawes te verbeter deur groei van die vergoedingsrekening te verminder, om sodoende kapitaal investering te beskerm, die begrotingstekort te vernou/verminder en die verhouding van skuld tot BBP te stabiliseer. Ons gaan voort om vermorsde uitgawes in te perk en ons mense se lewens te verbeter. Die entstof het ons hoop gegee dat hierdie dodelike virus oorwin kan word. Ons mag egter nie ons waaksaamheid verslap nie.

Ek moedig alle Suid-Afrikaners aan om gehoor te gee aan die COVID-19 protokolle deur hul hande gereeld te was en maskers te dra om sodoende die verspreiding van die virus teë te werk.

# REGERING WERK DAARAAN OM DIE IMPAK VAN **COVID-19** OP DIE EKONOMIE TE **VERLIG**




**Die kombinasie van lae groei, hoë skuldvlakke en groeiende werkloosheid het beteken dat Suid-Afrika reeds voor die COVID-19-pandemie op 'n onvolhoubare ekonomiese pad was.**

Institusionele swakheid, politieke en beleidsonsekerheid het die lae ekonomiese groeiomgewing waarin die land hom tans bevind, vererger. Die pandemie het bestaande ongelykhede en die onvoldoende openbare dienste vir 'n groot deel van die bevolking beklemtoon. Alhoewel baie daarvan afhang hoe vinnig en effektief die COVID-19-entstowwe op die kort- tot mediumtermyn uitgerol word, is breër strukturele hervormings nodig om die ekonomie te laat groei.

Op die korttermyn is die regering besig om die impak van die pandemie en gepaardgaande inperkings te verminder. Dit sluit ondersteuning vir ondernemings deur die werkloosheidsversekeringsfonds, die belastingstelsel en die leningwaarborgskema in, sowel as die verskaffing van inkomstesteun aan lae inkomste huishoudings. Op die langer termyn, is die regering besig om noodsaaklike strukturele hervormings deur middel van sy ekonomiese heropbou- en herstelplan te implementeer.

Die plan behels 'n omvattende gesondheidsaksie-plan om lewens te red en die verspreiding van die pandemie te stuit; ingrypings om die ekonomie te herstel terwyl die gesondheidsrisiko's beheer word; en hervormings om 'n volhoubare, veerkragtige en inklusiewe ekonomie te ondersteun.



# DIE REGERING IS VERBIND TOT DIE ONTWIKKELING VAN **INFRASTRUKTUUR** VIR **GROEI**

**Om die ekonomie te laat groei en werkloosheid en armoede teen 2030 te halveer, is kapitaalinvestering van 30 persent van die BBP deur die openbare en privaat sektor nodig.**

Ondanks die uitdagings wat die COVID-19-pandemie bied, prioritiseer die regering steeds infrastruktuurbesteding om ekonomiese groei te stimuleer en werkloosheid en armoede te verminder. Oor die volgende drie jaar sal die regering ongeveer R791.2 miljard aan infrastruktuur bestee.

Die regering skep 'n gunstige omgewing vir effektiewe vennootskappe met die privaat sektor om hul vaardighede en kundigheid te benut en om beskikbare hulpbronne vir infrastruktuur te laat toeneem.

# BEGROTINGS-HERVORMING VIR GROTER DOELTREFFEND-HEID



**Vermorsing en ondoeltreffendheid verminder die impak van regeringsprogramme, veral in die konteks van beperkte staatshulpbronne.**

Om die doeltreffendheid van besteding te verbeter, het die regering met 'n reeks bestedingsoorsigte begin om uitgawes te hersien, wat gebaseer is op die nul-basis begrotingsbeginsel. Hierdie metodiek sal in die Departement van Openbare Ondernemings en die Nasionale Tesourie geloods word.

# DIE REGERING PRIORITISEER **MAATSKAPLIKE UITGAWE** OM ARMOEDE EN ONGELYKHEID TE VERMINDER



**Gekonsolideerde staatsuitgawes oor die mediumtermyn sal na verwagting R6.16 triljoen beloop, 'n afname van R20 miljard teenoor die vorige jaar se gekonsolideerde begroting van R6,14 triljoen.**

Dit is hoofsaaklik vanweë die voorgestelde vermindering van besteding op vergoeding, wat oor die mediumtermyn R303 miljard sal beloop. Die gekonsolideerde begroting prioritiseer egter steeds maatskaplike doelstellings om armoede en ongelykheid te verminder, met 56.6 persent van die toekennings aan die funksies vir onderrig en kultuur, gesondheid- en maatskaplike ontwikkeling oor die mediumtermyn. Besteding aan ekonomiese ontwikkeling, gemeenskapsontwikkeling en veiligheid en sekuriteit bly belangrik vir sosio-ekonomiese transformasie en sekuriteit.



# VULEKAMALI-OPDATERING - GAAN VERDER AS DEURSIGTIGHEID

**Vulekamali is 'n bekroonde dataportaal met gebruikersvriendelike inligting oor die regering se finansies, wat in 2018 van stapel gestuur is.**

IMALI YETHU ('n koalisie van burgerlike organisasies), in vennootskap met die Nasionale Tesourie, sal voortgaan om die publiek met nuwe inligting te bemagtig in die tweede fase wat in 2021 begin. Tot dusver was die beskikbare data op Vulekamali deur akademiese instellings, joernaliste en burgerlike organisasies gebruik. Ons sien daarna uit om meer vennootskappe te vorm. Vulekamali ondersteun almal wat die begrotingsproses wil verstaan of daaraan wil deelneem. Besoek **www.vulekamali.gov.za/learning-resources.**


# MAATSKAPLIKE TOELAES OM DIE ARMES TE BEVOORDEEL

Die getal begunstigdes van maatskaplike toelae sal na verwagting styg met ongeveer 300 000 persone oor die tydperk. Meeste toelaewaardes sal egter met minder as inflasie toeneem.


| MAATSKAPLIKE TOELAES | 2020/21 | 2021/22 |
|---|---|---|
| STAATSOUDERDOMTOELAE | R1 860 | R1 890 |
| STAATSOUDERDOMTOELAE OUER AS 75 | R1 880 | R1 910 |
| OORLOGSVETERANETOELAE | R1 880 | R1 910 |
| ONGESKIKTHEIDSTOELAE | R1 860 | R1 890 |
| PLEEGSORGTOELAE | R1 040 | R1 050 |
| SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE | R1 860 | R1 890 |
| KINDERONDERHOUDSTOELAE | R445 | R460 |

# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE SAL DIT IN 2021/22 AANGEWEND WORD


## STAATSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2021/22




## STAATSBESTEDING IN 2021/22




# REGERING NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS DEEL VAN TOTALE UITGAWES




*Nie-rente uitgawes is totale uitgawes deur die regering wat rente betalings op skuld uitsluit.

# 2021 BELASTING VOORSTELLE

SARS
At Your Service

PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

## HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2021 Begroting bied belastingverligting van 5 present in persoonlike inkomste belastingvlakke en -kortings wat bo die inflasiekoers is. Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat belasting betaalbaar word, word soos volg vir die belastingjaar van 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022 aangepas.

| BELASTINGDREMPELS | BELASTINGJAAR: 2020/21 | BELASTINGJAAR: 2021/22 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R83 100 | R87 300 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R128 650 | R135 150 |
| Ouderdom 75 en ouer | R143 850 | R151 100 |

Die nuwe belasting drempel vir individuele belasting betalers is as volg:

| BELASTINGKORTINGS | BELASTINGJAAR: 2020/21 | BELASTINGJAAR: 2021/22 |
|---|---|---|
| Primêr (ouderdom onder 65) | R14 958 | R15 714 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R8 199 | R8 613 |
| Tersiêr (ouderdom 75 en ouer) | R2 736 | R2 871 |

Sondebelasting

## TOENAME IN BELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drank- en tabakprodukte sal met 8 persent verhoog.

| | VERHOOG MET: |
|---|---|
| Moutbier | 14c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 26c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 44c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 86c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugte drankies | 14c per 340ml blikkie |
| Sterk drank | R5.50 per 750 ml bottel |
| Sigarette | R1.39 per pakkie van 20 |
| Sigarettabak | R1.57 per 50g |
| Pyptabak | 47c per 25g |
| Sigare | R7.71 per 23g |

BELASTINGSKALE

### BELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belasting betaalbaar deur individue vir die belastingjaar wat eindig tussen **1 Maart 2021** en **28 Februarie 2022**

| Belasbare inkomste (R) | Belasting betaalbaar (R) |
|---|---|
| 0 to 216 200 | 18% van belasbare inkomste |
| 216 201 to 337 800 | 38 916 + 26% van belasbare inkomste hoër as 216 200 |
| 337 801 to 467 500 | 70 532 + 31% van belasbare inkomste hoër as 337 800 |
| 467 501 to 613 600 | 110 739 + 36% van belasbare inkomste hoër as 467 500 |
| 613 601 to 782 200 | 163 335 + 39% van belasbare inkomste hoër as 613 600 |
| 782 201 to 1 656 600 | 229 089 + 41% van belasbare inkomste hoër as 782 200 |
| 1 656 601 en hoër | 587 593 + 45% van belasbare inkomste hoër as 1 656 600 |
| Trusts, uitgesluit spesiale trusts | Belastingkoers 45% |

### INKOMSTE BELASTING: MAATSKAPPYE

Jare van assessering wat eindig op enige datum tussen **1 April 2021** en **30 Maart 2022**

| Tipe | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste |

### INKOMSTE BELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

Jare van assessering wat eindig op enige datum tussen **1 April 2021** en **30 Maart 2022**

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 87 300 | 0% van belasbare inkomste |
| 87 301 – 365 000 | 7% belasbare inkomste hoër as 87 300 |
| 365 001 – 550 000 | 19 439 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000 |
| 550 001 en hoër | 58 289 + 28% van die bedrag hoër as 550 000 |

### OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jaar wat eindig op enige datum tussen **1 Maart 2021** en **28 Februarie 2022**

| Belasbare omset (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 335 000 | 0% van belasbare inkomste |
| 335 001 – 500 000 | 1% van belasbare inkomste hoër as 335 000 |
| 500 001 – 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare inkomste hoër as 500 000 |
| 750 001 en hoër | 6 650 + 3% van belasbare inkomste hoër as 750 000 |

Brandstofheffings

## TOENAMES IN BRANDSTOFHEFFINGS

Die algemene brandstofheffing gaan met 15 sent per liter toeneem en die padongelukkefondsheffing sal toeneem met 11 sent vanaf 7 April 2021. Dit verhoog:

- Die algemene brandstofheffing na R3.85 per liter brandstof en R3.70 per liter diesel
- Die padongelukkefondsheffing na R2.18 per liter, beide vir petrol en diesel